

BRITS-ISRAELISME

(Japie Grobler – geredigeer)

1. Inleiding

Hierdie groep, soos die Nuwe en Ou Apostoliese Kerke, is nie 'n maklike groep om iets oor te skryf nie. Dieselfde probleem word met hulle as met die genoemde groepe ondervind. *Dit is uiters moeilik om van hulle eie materiaal in die hande te kry.* Gevolglik is dit onnodig om hierop uit te wei, want dit is voor die handliggend dat die beste inligting oor enige groep of beweging vanuit hulle eie bronne bekom kan word. Ons is dus aangewese op die skraal gegewens wat tot dusver verskyn het.

- Die Israel-Visie het nie enige sentrale kantoor of liggaam soos 'n sinode en dies meer nie. Hulle hou weliswaar kampe en dit kan dalk dien as 'n kongres. Een so 'n kamp word jaarliks op die plaas Oshoek (nie die grenspos nie) gedurende die Paasaweek gehou – iewers in die omgewing van Lydenburg en Ohrigstad.

Omdat die groepe wat die superioriteit van die blanke ras voorstaan en onder die kategorie, Wit Teologie, resorteer in 'n sekere sin redelik nou verwant is aan die denkrigtings van Brits-Israelisme, gaan hulle feitlik as een bespreek word.

- Brits-Israelisme en die Israel-Visie glo in die feit dat die tien stamme van Israel versprei geraak het deur Brittanje en vandaar na die res van die wêreld en so eintlik verlore gegaan het.
- Hulle sal weer later in Brittanje – die nuwe Jerusalem – met die troon van Dawid deur die Engelse Koningshuis herstel word.
- Die Messias sal gedurende die millennium vanuit die ou Britse vorstehuis vir 1 000 jaar regeer, waarna die oordeel sal kom.

Hierdie teologie, as ons dit teologie kan noem, word ook deur Armstrongisme (Philadelphia Church of God) aangehang en dus kan ons hulle ook vierkantig onder Brits-Israelisme kategoriseer.

- Omdat hierdie tien stamme “blank” was, kan daar tereg gesê word dat Wit Teologie ook vanuit hierdie kamp voortvloei en daarom word dit in dieselfde groep geplaas.

Uit die aard van hul hoofgedagte is dit vir hulle baie belangrik om hul eie families te probeer oorhaal om aan die kulte te behoort. Hulle probeer dit deur hul waarhede in die vorm van pamflette en boeke aan die mense te gee en gedurig te vra of hulle dit gelees het.

2. Geskiedenis

Die Israel-Visie is een van die Wit Teologie-kultes, meer spesifiek 'n aangepaste vorm van Brits-Israelisme.

Die hoofgedagte van die Brits-Israelisme is dat die Britte in werklikheid die verlore tien stamme van Israel verteenwoordig.

- Die feit dat die tien stamme teen ongeveer 722 v.C. weggevoer is deur Salmaneser van Assirië en daardeur heeltemal tot niet gegaan het, word ontken en daar word probeer om dit te weerlê met allerhande stories en gerugte.
- Vir die Israel-Visie is dit aangepas om die totale blankeras te omvat en sodoende die Afrikaner dan ook vanweë sy herkoms uit die Europese volke in te sluit.

Die oudste mededeling dat die tien stamme nie heeltemal in die heidendom opgeneem is nie, kom in die apokriewe vierde boek van Esra voor.

- Volgens die teks het hulle oor die rivier Eufraat getrek na 'n onbewoonde land Assaret. Verskeie teorieë is geformuleer oor wat daarna met hulle sou gebeur het, wat hulle in uiteenlopende plekke te voorskyn bring.
- Die een teorie wat waarskynlik ook die ontstaan van die Brits-Israelisme tot gevolg gehad het, lui dat hulle

die Britse Eilande sou beset het.

- Dit is die eerste keer deur Richard Brothers (1757-1824) gepubliseer in Londen as: “*A correct Account of the Invasion and Conquest of this Island by the Saxons, necessary to be known by the English Nation, the Descendant of the greater part of the Ten Tribes.*”
- John Wilson het hierdie opvattinge verder voortgesit. Hy het vanaf 1838 groot moeite gedoen om steun te wen daarvoor. Hy was ook taamlik suksesvol, want hy het baie mense, onder andere ampsdraers van die Engelse kerke, vir die opvatting gewen. Wilson het in 1844 sy opvattinge uiteengesit in: “*Our Israelitish Origin, or the British Christians, a Remnant of the True Israelites.*”
 - Wilson was so geslaagd dat ’n beweging ontstaan het wat in 1872 die eerste British-Israel kongres in Londen gehou het onder voorsitterskap van biskop Samuel Gobat van die Anglikaanse kerk.
 - Daarna het soortgelyke organisasies ontstaan en in 1919 is die British-Israel World Federation gestig. Die federasie het mettertyd ’n groot hoeveelheid publikasies die lig laat sien om sy teorieë en opvattinge mee te staaf.
- Die teorie is verder deur Herbert Armstrong vanuit Amerika uitgebou. In 1934 publiseer hy die eerste uitgawe van die *Plain Truth Magazine* (nou die *Philadelphia Trumpet*) en begin ook die Ambassador College in Pasadena, Kalifornië. **Dit was die begin van die Worldwide Church of God wat nou as die Philadelphia Church of God bekend staan.**

Een van hul groot publiserende eksponente was oorlede MC Eksteen. Hy het Frederich Haberman se “*Our White Roots*” (1934) vertaal.

- Hy het skynbaar ’n “wetenskaplike” publikasie die lig laat sien, waarin hy verskeie ander mense aanhaal, maar daar is geen broninligting om dit mee na te gaan nie.
- Haberman stel herhaaldelik twee of meer onverwante aspekte wat hy dan verbind aan die samevatting: “*Die intelligente leser kan hieruit aflei . . .*” herinner aan die legende van die koning se klere.
- Eksteen het hierdie brugredenasiemetode van Haberman ook verder met vrug gebruik in sy eie publikasies.
- Een van sy wetenskaplike stellings wat aanhaling verdien, is dat die “Illuminati” eintlik agter die ontstaan en verspreiding van persoonlike en ander rekenaars is omdat dit X-strale uitstraal en sodoen die “goyims” sal steriliseer. Die geskiedenis en miljoene rekenaargebruikers bevestig hierdie stelling as blote onsin.

Die Brits-Israel teorie het nie veel aanhang onder die Afrikaner gekry nie. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die konflik tussen die Afrikaner en die Engelse, veral gedurende 1800-1900.

Herbert Armstrong het die *Plain Truth* gratis wyd en syd in Suid-Afrika versprei. Die *Philadelphia Trumpet* handhaaf hierdie tradisie.

- Verder het sy variasie op die hoofteorie voorsiening gemaak daarvoor dat elkeen van die Europese volke in der waarheid ’n afstammeling sou wees van die verlore stamme.
- Die perspektief het dit vir die Afrikaner meer aanvaarbaar gemaak en so kon ’n afgeleide vorm van die Brits-Israelisme hier posvat, by name die Israel-Visie.
- Plaaslike skrywers soos H Swart en FWC Neser het die Armstrongvorm aangegryp en verder pasgemaak vir die Afrikaner.
- Alhoewel hulle nie die eerstes was nie, het hulle nooit na die eerste plaaslike publikasie oor die onderwerp verwys nie.
- Die eerste Suid-Afrikaanse publikasie in hierdie verband is geskryf deur ds GWA van der Lingen (1804-1869), wat hy in 1842 gepubliseer het onder die titel: *Aanwyzingen betreffende de afkomst en bestemming van sommige Noorsche Volken.*

In ons land word die Israel-Visie hedendaags deur verskillende mense en groepe voorgestaan.

- Elkeen van hulle het sy eie aksente en lê die klem op verskillende aspekte.
- Maar die hoofgedagte dat saligheid nie deur geloof alleen verkry kan word nie, en dat ’n persoon se herkoms vanuit die verlore tien stamme noodsaaklik is, staan min of meer in almal se boeke.

Dit is interessant om daarop te let dat as ’n mens familiekunde van die Afrikaners begin navors en daar word op mense afgekom wat aangedui word as byvoorbeeld Katharina vdK verdere navorsing sal aandui

dat die “vdK” vir “van die Kaap” staan.

- Dit word gebruik wanneer iemand se herkoms nie bekend was in die tyd wat die persoon geleef het nie of as dit ’n bruinmens was.
- Hierop word daar gewoonlik baie vinnig geantwoord dat nie een van hul stamvaders so ’n persoon vir ’n eggenoot sou gehad het nie.
- Baie min van hulle doen egter die moeite om die voorgeslagte van elkeen van die eggenotes behoorlik na te vors.

Mense en groepe wat vandag aktief betrokke is by die Israel-Visie sluit onder meer in:

- Robert Hayes van die ou Oos-Transvaal
- Die Windhoekse Studiegroep
- Ds Gert Steenkamp, die voormalige NG-predikant wat ’n Israel-Visiegemeente in Kuruman bedien
- Ds BW, vermoedelik Gert Wessels, van Vryheid
- Gideon Venter van Vaalwater
- “Ds” Hannes Horn, wat in Pretoria en omgewing bedrywig is

Die naam *Israel-Visie* is maar net een van die name waaronder dieselfde leuens en kettery voortgesit word. Ander name is: Orde van die *Verbondsvolk* en die *Israelwaarheid*.

So lank gelede as Julie 1930 plaas die British-Israel World Federation ’n volbladadvertensie in die Times of India en lees ons die volgende daarin:

“This appeal is also to you, O Brethern, – who are yourselves Indians, but are verily also the sons of Jacob . . .” met die volgende in hoofletters: *“... THE ANGLO-SAXON NATION AND COMPANY OF NATIONS, AND THE UNITED STATES BRANCH OF THE SAME PEOPLE, CONSTITUTE THE NATIONAL BASIS OF THE KINGDOM OF GOD IN THE EARTH.”*

’n Paar belangrike punte kom hieruit na vore:

- Indiërs (“nie-blankes”) word ook as kinders van Jakob gesien.
- Hulle vorm deel van die Anglo-Saksiese volkere (In hulle wêreld is dié ras die verlore stam van Juda).
- In die tweede deel kom ’n eienskap van ’n kulte na vore: hulle alleen is die koninkryk van God. **Let daarop dat “koninkryk van God” afhang van die groep, ras, volk waarvan jy deel is, en dus kan ons van “volk van God” praat. Dit word ook sterk deur Armstrongisme voorgestaan.**

Die Brits-Israelisme verdraai ook gerieflikheidshalwe die geskiedenis. In ’n brosjure met die titel *British-Israel Under New Searchlights* skryf Avery H Forbes: *“One well-known British-Israel author told me that, when asked by the ‘Covenant’ publishing people to tackle my pamphlet, he refused, saying: ‘Mr Forbes is right in his history, and you are wrong.’ He informed me, however, where my mistake lay; namely in not recognizing that the British were . . . above the others. How he ascertained that we were Ephraim, he did not say. I replied that, if we were Ephraim, so also are those Scandinavians who are descended from the same ancestors (unless he held a man’s grandfathers were not descended from his forefathers!). To this I have received no answer.”*

Die grootste probleem wat die groep histories in die gesig staar, is die oorbrugging van ’n gaping van 1 000 jaar vanaf ongeveer 700 n.C. tot ongeveer die 5de eeu.

- Irvine stel dit so: *“. . . from 700 BC when the ten tribes were in captivity in Assyria, to the fifth century AD, when the Jutes and the Angles first appeared in history. This yawning gulf is precariously bridged by British-Israelism with the aid of Scythians, whom they assert to be identical with the ‘lost ten tribes’.”*
- Forbes is weer aan die woord: *“There is not a scrap of evidence to connect the Scythians with the ten tribes, or the Scandinavians with the Scythians . . .”*
- Dit is insiggewend om na ’n geskiedkundige en kenner van die Rabbynse literatuur, prof Neubauer, te luister: *“Where are the ten tribes? We can only answer: China, Persia, Kurdistan, the Caucasus or Bokhara. We have said that a great part of them remained in Palestine, partly mixing with Samaritans, and partly amalgamating with those who returned from the captivity of Babylon. With them many came also from the cities of the Medes, and many, no doubt, adhered to the Jewish religion which was continued in*

3. Kunsmatige ooreenkoms

Skrywers van Brits-Israelisme maak groot gewag van die ooreenkoms tussen Israel en Brittanje en die profesieë wat op die posisie van Israel gedurende die millennium dui.

- Die feit dat die Angel-Saksersteruggaan na die Romeinse, Griekse en Spaanse tydperke word nie betwis nie, maar die poging om dit as bewys voor te hou van die stam van Juda, is vergesog.
- Om hierdie teorie te laat werk, is hierdie groep genoodsaak om sekere Bybelse profesieë oorboord te gooi.
 - Een so 'n profesie kry ons in Romeine 11:13-15 wat Israel aandui as die een wat afgesny sal word.
 - Hier is geen sprake van Juda nie!
 - Dit op sigself is genoeg om die Anglo-Saksiese-teorie as 'n verdigsel te identifiseer.

Die bogemelde advertensie stel dit verder so: *“During this time, specially in the reigns of David – the founder of the reigning House of Britain – and of Solomon, his son and successor, Israel dominated the world situation. Also: in the next and ultimate stage all nations will constitute the Kingdom of God. To this Kingdom ultimately, and many of us believe, soon, the Lord Jesus Christ will come. There He will find the British Royal House directly descended from the throne of David operating in accordance with the oath to that effect of the Lord Almighty.”*

4. Rassisme aangeblaas

Dit is gewigtige woorde, maar ontbloom die grootste gevare van hierdie groep.

- Die advertensie in die Times van hulle siening dat hulle die uitverkore verlore stamme is, verhoog nasietrots (waarmee daar seker niks fout is nie), maar daardeur nasionaliseer hulle God se seëninge vir hulle alleen.
- Dit laat die mens sy oë van God se verlossingsplan af wegdraai na dit wat mensgemaak is. Hy kan alleen guns in God se oë vind wanneer hy deel is van hierdie uitverkore groep. Daardeur lê hulle 'n ander fondament as dié van die Bybel.

Efesiërs 2:20: . . . **'n gebou waarvan Christus self die hoeksteen is.**

1 Korintiërs 3:11: . . . **niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus.**

5. Leerstellings en Skrifverdraaiing

In gesprekke met mense van hierdie kultes moet sorg gedra word oor die semantiese verplasing van woorde en dat sekere woorde glad nie aanvaarbaar is nie.

- Een baie belangrike voorbeeld is die woord *kerk* – hulle gebruik dit nie vir hulle eie nie, maar as 'n skelwoord teenoor die Christene.
- Hulle gebruik om van *Yahweh*, wanneer hulle na die Here, en *Yashua*, wanneer hulle na Jesus Christus verwys, te praat is vir hulle baie belangrik en word as Bybels afgemaak.
- Dat *Yahweh* maar EEN van God se name is en *Yashua* Joods (Jeshua of te wel Josua) vir die Grieks (Jesus) is, word gerieflikheidshalwe verswyg!

Die Israel-Visie het nie net by saligheid op gronde van herkoms vasgesteek nie.

- Hulle is ook anti-Semities en maak geen geheim daarvan dat hulle veral swart mense haat nie en dan regverdig hulle dit nog sogenaamd op Bybelse gronde.
- Een aanspraak waarmee hulle ook vorendag kom, is dat Kaïn eintlik swart was en deur Satan verwek is.
- Dan kom hulle weer by ander geleenthede met die idee dat die swart mense eintlik nie mense is wat deur God geskape is nie, maar hulle is soms skeppings van Satan en ander kere weer intelligente harige diere van die veld.

Hulle val Christene aan oor Kersfees en Paasfees.

- Die kersboom word na Nimrod herlei en dan verder hamer hulle op die feit dat Christus nie eintlik op 25 Desember gebore is nie, en dat die fees oorspronklik 'n heidense fees was.
- In tipiese kultariese styl verwys hulle uit verband graag na die publikasies van Jeannette Erasmus – wat, sover bekend, nie tot die Israel-Visie behoort nie – wat 'n dokument gepubliseer het waarin sy verskeie van die ou heidense gebruike en die ooreenkoms daarvan met Christenfeeste, volgens die tydstip van die jaar en metode van datumbepaling bespreek.
- Dit is natuurlik korrek dat baie van die huidige Christenfeeste en gedenkdae se oorsprong by die heidene te vinde is, maar dit maak nie van Christene heidene of maak sodanige feeste heidens nie!
- Dit is seker ook nie belangrik om te weet op presies watter dag Jesus Christus gebore is nie.
 - Wat belangrik is, is die feit dat Hy wel een of ander tyd ±2 000 jaar gelede, as Mens gebore is.
 - Dat Hy die kruispad geloop het. Dat ons deur sy bloed volkome verlossing ontvang het.
 - Dat Hy opgestaan het waardeur Hy sy oorwinning oor die dood aangekondig het en dat alle gelowiges in Hom ook daardeur oorwinnaars is.

Hulle is ook baie lief vir die Apokriewe Boeke, die 1933-vertaling en die King James Version.

- Om 'n aanhanger se boekeversameling sonder Strong se konkordansie te vind, is amper so erg as om in 'n Christen-huis te kom en nie 'n Bybel te vind nie.
- Verder maak hulle aansprake dat daar gedeeltes deur hulle aartsvyande, die Jode (geldmag), tot die Bybel toegevoeg of weggeneem is.
- Die oomblik wat hulle 'n teenargument kry wat hulle nie andersins kan weerlê of verabsoluteer nie, dan is hul enigste uitweg om hulle op kwaadwillige invoeging of weglating te beroep.
- Asof die Here nie sy Woord in stand hou en teen sulke dinge sal kan beskerm nie!

Soos hierbo aangedui, is hulle anti-Semities en soms selfs blatant Nazisties.

- In die geskiedenis van die Protestantisme het Johannes Calvyn 'n groot rol gespeel en baie van ons respekteer vandag nog sy sieninge, vandaar die Calvinisme.
- Die Israel-Visie beweer dat Calvyn se van eintlik Cohen was en dus is hy eintlik net 'n Jood wat die blankes vir eeue deur sy Institusie mislei het.
- Een van hul skrywers, ds Ben Maree, beweer selfs dat die kinderdoop nie van God kom nie, maar van Johannes Calvyn.
- 'n Ander een van hul skrywers, Gideon L Venter, gee hul hoofstandpunte as volg weer. Soos in die gedeelte gesien kan word, gebruik hy Yashua met Jesus in hakies.

6. Wat behels die Israelwaarheid en wat glo ons? (Gideon L Venter)

Ons glo:

1. Dat ons die suiwere nageslag van Adam en Eva, Abraham, Isak en Jakob, d.w.s. Israel, wat almal blankes was en nog steeds is.
2. Dat volgens Deuteronomium 7:6 God die volk Israel uitgekies het, uit al die volke wat op die aarde is, om Sy eiendomsvolk te wees.
3. Dat, volgens Yashua (Jesus) in Matteus 25:33-34, die hemel toeberei is vir die volk Israel en dat volgens vers 41 die hel toeberei is vir die ander volke en die duiwel en sy engele. Dit is tog wat daar geskrywe staan.
4. Dat Yashua (Jesus) (deur God) gestuur is, NET vir die verlore skape van die huis van Israel, d.w.s. die wat in ballingskap ontvoer was. Matteus 15:24
5. Dat Yashua (Jesus) op die regte tyd gesterf het vir DIE WAT ONDER DIE WET (Eksodus 20) WAS, d.w.s. Israel en geen ander volk nie. Galasiërs 5:4-5.
6. Dat Yashua (Jesus) by God intree en bid, NET vir Israel. Hebreërs 2:17 en Johannes 17:9.
7. Dat God Yashua (Jesus) as verlosser NET vir Israel verwek het. Handeling 13:23 en 32.
8. Dat Yashua (Jesus) gesterf het om NET die volk Israel te heilig deur Sy bloed en GEEN ander volk nie. Hebreërs 13:12
9. Dat God vir Yashua (Jesus) aan sy regterhand verhoog het om NET aan Israel vergiffenis van sonde te skenk. Handeling 5:31
10. Dat die aanname van God TOT SY KINDERS NET aan Israel behoort. Romeine 9:4
11. Dat NET vir Jakob se geslag, d.w.s. Israel, daar bekering is. Jesaja 59:20.
12. Dat God Sy Seun Yashua (Jesus) gestuur het om NET SY VOLK t.w. Israel, van hulle sondes te verlos.

- Matteus 1:21 en Handeling 13:23
13. Dat God aan Paulus opdrag gegee het om die uitverkorenes van Israel (t.w. Israel – Deuteronomium 7:6) tot geloof en verlossing te lei. Titus 1:1 (vgl N.A.B.) en 2 Timoteus 2:10.
 14. Dat Israel God se skape is – Esegïel 34:31(a) en dat God NET vir hulle 'n God is – Esegïel 34:23(b); Psalm 79:13; Psalm 100:3; Miga 2:12; Jeremia 50:6.
 15. Dat NET Israel die Wet (Eksodus 20) ontvang het en dat die ander nasies dus nie kan sondig nie, want hulle staan nie onder die wet nie. Romeine 5:13(b) en 3:20(b).
 16. Dat die “kerk” nie Israel is nie – Jesaja 51:2 sê dat Sara JULLE (Israel) gebaar het. Sy het tog nie “die kerk” gebaar nie.
 17. Dat Israel die Bruid van Christus is – Hosea 2:18 -1 19 L.M. vers 15 en nie “die Kerk” soos die leraars beweer nie.
 18. Dat dit sonde is om die Evangelie aan anderskleuriges te verkondig aangesien Yashua (Jesus) dit belet in Matteus 10:5 gelees met Johannes 3:26.
 19. Dat Paulus NOOIT die Evangelie aan anderskleurige heidene verkondig het nie, maar slegs aan DIE Israelite wat toe nog heidene was. Titus 1:1 NAB en LB
 20. Dat God apartheid ingestel het. Deuteronomium 7:1-6; Deuteronomium 23:2-3; Nehemia 13:1-3 en 23-25
 21. Dat GEEN baster (ook Kleurling), Ammoniet en Moabiet (Oosterse nasies: Indiërs, Japannese, Chinese) OOIT in die kerk mag kom nie. Deuteronomium 23:2 0 3
 22. Dat ons met die anderskleuriges geen ooreenkoms of verbond mag maak nie. Deuteronomium 7:2(b)
 23. Dat Markus 16:15 NIE in die oorspronklike Bybelperkamente verskyn het nie en dat Yashua (Jesus) dus nooit gesê het dat die Evangelie aan ALMAL verkondig moes word nie.
 24. Dat geen swarte in die hemel sal kom nie. Sagaria 14:21(b)
 25. Dat dit sonde is om 'n Bybel (vir ons is dit iets heiligs en 'n pêrel) aan 'n anderskleurige te gee. Matteus 7:6
 26. Dat dit GENETIES onmoontlik is vir twee blankes, t.w. Adam en Eva (en ons self ook), om swart, bruin of geel kinders in die wêreld te bring en dat Satan se saad in hulle gevalle betrokke is. Sien Genesis 3:15 in NAB en Johannes 8:44.
 27. Dat slegs enkele Jode van Israelitiese afkoms is en dat die ander, die meeste van hulle, verbasterings met Edomiet, Khazare en Ismaelite is.

Ons het reeds gesien hoedat Bybelse profesieë wat nie inpas by hulle siening nie, doodeenvoudig oor die hoof gesien word. Weereens moet ons kennis neem wat in 'n tydskrif van hulle, genaamd *Proved*, in Engeland gepubliseer was: “*Israel had to colonize barren islands and ‘establish the earth’, causing the desert to blossom as the rose (Isa 27:6; 35:1). This is an achievement which the Anglo-Saxons have accomplished.*” Dit is slegs nodig om hierdie hoofstuk in sy geheel te lees om te sien dat dit onder geen omstandighede na die Angel-Saksers kan verwys nie. Maar nee, hulle gaan voort: “*Israel had to be exceedingly wealthy, and ‘lend unto many nations’, but borrow from none (Deuteronomium 8:18; 28:12). The Anglo-Saxons are the richest community in the world. They lend to all and borrow from none.*”

Let daarop: die Angel-Saksers leen aan almal maar leen van niemand nie. Kan dit werklik waar wees?

- Dink maar aan die massiewe skuldklas van die Weste, wat ook die Angel-Saksers insluit!
- Weereens word Bybelse profesieë op hulle van toepassing gemaak sonder die geringste gronde daarvoor.

7. Die Nuwe Verbond

Die Brits-Israelisme maak veel van die Nuwe Verbond! Dr Mountain, 'n voorste van hierdie beweging, stel dat die Engelse volk die Christelike geloof aanvaar het en daardeur onder die Nuwe Verbond kom, wat van hulle wedergeborenes maak. Is dit nie absurd nie?! Enige Christen weet hoe dat die mens wedergebore word waardeur hy dan eers onder die Nuwe Verbond staan. Dit is nie om deel te wees van 'n spesifieke volk, ras of groep nie.

8. Die verlore tien stamme

Dit is die kernsaak waaroor dit vir hierdie groep gaan. Vanuit hierdie oogpunt is hulle baie seker oor die saak dat die term Jood na die afstammeling van Juda verwys. Brits-Israelisme leer dat lede van die tien stamme nooit Jode genoem was nie en dat Jode nooit Israelite was nie. Albei hierdie stellings is gewoonwegweg snert! In die Nuwe Testament word die terme *Jood* en *Israeliet* baie keer sinoniem gebruik. Kyk maar na Handeling 21:39; 22:3; Romeine 9:4, 5; 2 Korintiërs 11:22; Filippense 3:5. Verwys ook na Esra 6:17; Sagaria 1:19; 10:6; 8:13.

9. Samevatting

Omdat die hele stelsel van Brits-Israelisme wentel om wie die verlore tien stamme is en hoe dat die Koningskap van die Here deur die Britse troon erken sal word, is dit slegs nodig om dit as 'n verdraaiing van geskiedkundige feite, die Bybelse geskiedenis en die uitleg van die Skrif aan lede van hierdie beweging uit te wys.

Die feit dat hulle hulleself as die uitverkorenes – deur hierdie verdraaide siening van die verlore tien stamme – sien, en dat jy alleen verlos kan word indien jy deel van hierdie groep is, maak van hulle uit en uit 'n kulte. Aangesien hulle ook van die selbeginsel gebruik maak, kan die vraag met reg gevra word: Hoeveel mag het die selleier oor die lede van sy sel? Wanneer hierdie mag misbruik word, dan kan die invloed op die lede nadelig wees en hulle van hulle vryheid as individue ontnem word. Dit sal hulle dan sonder twyfel as 'n kulte tipeer.

WIT TEOLOGIE

(Ds Francois Smit – geredigeer)

As wit lig 'n samestelling is van die hele kaleidoskoop van die kleurespektrum, is dit 'n goeie metafoer om die geweldige groot verskeidenheid strome en sienswyses binne-in die wit teologie te beskryf. Trouens, die variasie is so groot dat dit aan die een kant duidelik aan die bese raak, en aan die ander kant so subtiel is dat 'n mens werklik mooi moet kyk om die dwaling raak te sien. Ons het dus nie hier met 'n kulte te doen in die gewone sin van die woord nie. Ons kan eerder van 'n denkraamwerk praat waarbinne groepe in verskillende vlakke van dwaling funksioneer. Die een is ooglopend 'n kulte, die ander nie. Dit is gevolglik belangrik dat ons eers 'n afgrensing maak. Onder wit teologie verstaan ons in 'n enger sin al daardie teologieë wat as *sentrum* die ponering van die wit ras bo die ander rasse van die wêreld stel, en in 'n wyer sin, al daardie teologieë wat op die *periferie* van hulle teologiese struktuur die wit ras bo die ander rasse van die wêreld stel.

1. Wit teologie as randteologie

Die NG-kerk het voor die algemene beleidsverklaring (*Kerk en Samelewing I en II – 1986 en 1990*) volgens bogenoemde definisie in laasgenoemde kategorie geval. In 1935 het die NG-Kerk 'n sendingbeleid geformuleer waarin rassevermenging afgekeur word, afsonderlike kerke en skole vir afsonderlike rasse-groepe in die vooruitsig gestel word, asook die ontwikkeling van die swart mense tot hulle eie potensiaal in eie volksverband as beginsel onderstreep is (Borchardt, CFA, 1968 Die “*swakheid van sommige*” en die sending en in Kinghorn, J (redakteur) *Die NG-Kerk en apartheid*). In 1937 het die kerk ook die regering gevra om 'n verbod op rasgemengde huwelike in te stel en ook deur wetgewing aparte woongebiede en skole te verseker. Dit sou lei tot die reeks apartheidswette wat rasse in Suid-Afrika van mekaar geskei het.

Die wit teologiese klemtoon is egter nie soseer te vind in die kerk se pionierswerk op apartheid nie (dit op sigself is erg genoeg!) maar eerder in die toepassing van hulle apartheidsteologie. Spoedig het dit byvoorbeeld geblyk dat apartheid allesbehalwe gelyke afsonderlike ontwikkeling behels het. Die wit ras (let wel: NIE Afrikanervolk soos sommiges dit wil hê nie, maar ALLE blankes – Afrikaners, Duiters, Engelse, Portugese, ens.) is amper op elke terrein bevoordeel. Die staatsubsidies aan blanke onderwys teenoor dié van nie-blanke onderwys (per kapita) is maar een voorbeeld. Die NG-kerk het, in plaas van om profeties teen die stand van sake kapsie te maak, dit gelate (en gemaklik) aanvaar en selfs probeer om dit teologies goed te praat. Daarbenewens is slegs blankes tot en met 1986 in die NG-kerk toegelaat.

Dus, alhoewel die sentrale teologie van die NG-kerk heel suiwer was, was daar 'n stuk wit teologie in die periferie ingebou waarin die wit ras bo ander rasse bevoordeel behoort te word.

2. Wit teologie as sentrale teologie

Godsdienstige en kerklike groepe en individue wat die primaat van die wit ras bo ander rasse in die sentrum van hulle teologie plaas, hoort onder hierdie opskrif. Daar word hoofsaaklik twee metodes aangewend om bogenoemde te fundeer en meestal word 'n sameflansing van die twee gebruik.

3. Dit is in die bloed!

Die eerste weg wat gevolg word, is die biologie. Charles A Weisman se boek, *The Origin of Race and Civilization* (1990) is 'n skitterende voorbeeld. Hiervolgens het God die mens in fases geskep in 'n stygende lyn van meer primitief na minder primitief. “*Thus God's creative pattern seems to prevail within living races as it does within the fossil record as a whole. That pattern being the creation of the more primitive types first, such as Pithecanthropus*

before Neanderthal, or in case of the living races, the Australian and Negro being created before the Caucasian” (blanke ras), p 38. Hierdie minder ontwikkelde rasse word die sogenaamde *Pre-Adamitiese* rasse genoem. Adam was derhalwe die eerste “prototipe” van God se hoogste menslike ras en aangesien die Bybel by hom begin en oor sy nageslag gaan, is dit net vir lede van sy ras geskryf.

Natuurlik was Adam ook blank. “*All Scriptural evidence indicates Adam was created a white man . . . the name ADAM (aw-dawm) in Hebrew means a “ruddy human being” (Strong’s OT # 120). It is derived from Strong’s OT # 119 – ADAM (aw-dam), which means “to show blood (in the face), i.e. flush or turn rosy”. Only the white race has the characteristic of blushing, of showing blood in the face or skin” (p 57).* Dit is hierdie ras wat God as sy volk gekies het: “*God chose only the Adamic-Israel race. His spirit and his blessing was prophesied to be only upon the racial descendants of Israel (Adam se geslag), not the descendants of Indians, Negroes or Malaysians.” (p 65)*

Baie klem word op vroeëre antropologiese en biologiese studies gelê om bogenoemde sienswyse wetenskaplik te fundeer. Ongelukkig is die meeste studies meer as ’n honderd jaar oud, soos dié van Paul Topinard (1878!), *Anthropology*, waarin hy byvoorbeeld sê: “*The distinctive characteristics of the jackal and the dog, the wolf and the fox, the horse and the mule, the zebra and the quagga, the camel and the dromedary, are scarcely more divergent, and are frequently less, than those of our (human) types.” (p 508)*

Ook aspekte soos skedelkapasiteit en breingewig word soms na verwys. Harris Wilder het byvoorbeeld die volgende tabel saamgestel om te bewys dat die blankes se breinontwikkeling baie verder gevorder het as dié van ander rasse:

VOORBEELD	GEWIG VAN BREIN
Gorilla	425 g
Boesman	975 g
Australiese inboorling	1 197 g
Neger (Afrika)	1 316 g
Chinees	1 361 g
Engelsman en Skot	1 427 g

(Weisman, p 97)

Die groot probleem met hierdie studie is dat daar geensins van ’n ordentlike steekproef sprake was nie en boonop kan breingewig nooit as ’n aanduiding van intelligensie gebruik word nie (’n gewone huiskat is byvoorbeeld baie slimmer as ’n skaap!).

Hierdie primitiewe evaluering van verskille tussen rasse is sedertdien oor en oor verkeerd bewys, veral met betrekking tot genetiese studies, waarin bevind is dat daar op die vlak van genetiese materiaal geen verskil tussen rasse is nie afgesien van die paar ooglopende uitwendige verskille. Die nuutste werk in dié verband is *The History and Geography of Human Genes* deur Luca Cavalli-Sforza (1994). “*The book’s firm conclusion: once the genes for surface traits such as coloration and stature are discounted, the human ‘races’ are remarkably alike under the skin. The variation among individuals is much greater than the differences among groups. In fact, the diversity among individuals is so enormous that the whole concept of race becomes meaningless at the genetic level.*” (Time, January 16, 1995, p 40). Cavalli-Sforza meen ook dat die Europeane (blankes) ’n mengel-”ras” is bestaande uit 65% Asiër en 35% Afrika-gene (p 41).

4. Brits-Israelisme

'n Meer uitgebreide weergawe van die Adamteologie hierbo is die Brits-Israelisme. Volgens hierdie teorie het die sogenaamde "*tien verlore stamme van Israel*", wat in 721 v.C. deur Assirië as ballinge weggevoer is, na Wes-Europa en die Britse Eilande getrek. Hulle nasate is gevolglik al die blanke nasies van die Westerse wêreld. Die suidelike ryk (Juda en Benjamin) het na Salomo stelselmatig met die kinders van Esau (gekleurde volkere) vermeng geraak, en dus as bastergeslag hulleself by die vyande van God geskaar. Laasgenoemde groep word vandag *Jode* genoem en moet ten alle koste onderskei word van die puur volk, *Israel*. Die *Jode* het hulle ereplek verloor as gevolg van die ballingskap na Babilonië en die *troon* is na Engeland oorgedra en in die Britse vorstehuis voortgesit.

In sy boek **White Roots** (1934 – Afrikaanse titel: *Herkoms van die blanke voorouers*) verwys Frederick Haberman na LA Waddell se werk, *Phoenician Origin of Britons, Scots and Saxons*, waarin laasgenoemde 'n saak probeer uitmaak vir die Hebreeus-Feniciëse oorsprong van die woord British as Berit (verbond) + ish (man) (p 45). Dus, die British is die mense van die verbond! Hierdie woordspeletjie het ingang gevind by navolgers van die Brits-Israelisme en oral word verwysings na die tien verlore stamme in Europa en Brittanje gesoek. Een gewilde voorbeeld is onder andere om daarop te wys dat die stam Dan, volgens hierdie groep, die oervorm is van die Feniciëse volkere. Verskeie Europese name, wat naby aan die kus is, verwys gevolglik terug na Dan, byvoorbeeld *Danzig, Denemarke, Dunkirk, Danhauser*, ensovoorts. Wanneer so met woordbetekenis en -oorsprong "getoor" word, is enigiets moontlik.

Die Suid-Afrikaanse aanhangers van die Brits-Israelisme het nog verder gegaan. Ds FJ Pelser sê byvoorbeeld in sy boekie *Die blanke – sy herkoms, identiteit en lotsbestemming* dat die verlore stamme volgens die Bybel elkeen 'n spesifieke vestigingsplek ontvang. So byvoorbeeld "profeteer" die Bybel dat Sebulon "*by die strand gaan woon en die see uitsuig om grond te kry*" (Genesis 49:13; Deuteronomium 33:18, 19). Slaan gerus die Bybeltekste na!

Sy afleiding is dat Sebulon die voorvader van die Hollanders was! Suid-Afrika word ook genoem, en nogal as die standplaas van die stam Juda! Een rede hiervoor is dat "*sy vorste wit was maar sal swart word*" (Klaagliedere 4:7-8). Suid-Afrika word ook soms verbind met Jesaja 18:1 se land "*oorkant die riviere van Kus*".

Die uiteindelijke afleiding (na al die speletjies met Bybeltekste) is dat God 'n Verlosser slegs vir sy volk daargestel het (die blanke Brits-Israel stam). Die ander rasse is kinders van Esau, vyande van God, en nie 'n naaste van my nie.

5. EVALUERING

Op die meeste aspekte van die wit teologie hoef ons nie eens in te gaan nie, aangesien enigiemand wat erns maak met die Bybel en poog om dit reg te gebruik, die ooglopende swak teksgebruik sal opmerk (kyk Brits-Israelisme hierbo).

Die swak wetenskaplikheid van sommige wit teoloë is ook heel duidelik (kyk *Dit is in die bloed!* hierbo). Die aanspraak dat die swart man eintlik 'n dier is, of hoogstens 'n *pre-Adamitiese* skepping het GEEN Skrifgetuïenis aan sy kant nie. Dit is blote wensdenkery van mense wat deur Satan verblind word.

Die Bybel laat geen ruimte vir 'n sogenaamde verbondsvolk op grond van ras/ kleur toe nie, maar lê klem op die feit dat die *nuwe verbond in Jesus Christus universeel* is, trouens, dat dit vanaf Israel na die *nie-Israelitiese wêreld* oorgegaan het (Galasiërs 3:13-14, 29). Die groot verskeidenheid mense in Jesus se dissipelkring en die vroeë kerk is 'n pragtige voorbeeld hiervan. Onder hulle was vissermanne van Galilea, Fariseërs soos Paulus, Selote soos Simon, slawe soos Onesimus en selfs 'n man met die naam Simon, *wat ook Niger genoem is* (Handelinge 13:1 – die eerste swart Christen uit Afrika?). Die voorloop hiervan was Christus se opdrag om die Evangelie aan alle "kreature" te gaan verkondig (Markus 16:15 – Grieks: *pasê tê ktisei*).

Die hele *Jood vs Israeliet*-woordspeletjie is absurd. In die Nuwe Testament word beide terme afwisselend gebruik om na dieselfde groepe te verwys. Kyk net byvoorbeeld na Jesus se woorde in Johannes 3:1, 10!

Die bewering van sommige wit teoloë dat Eva deur die slang seksueel verlei is en dat Esau (en alle anderskleuriges) die produk daarvan is, is om van naar te word! Genesis 4:1 sê tog baie duidelik wie Esau se vader was! Daar is ook geen Bybelse getuïenis dat Esau se merkteken iets te doen het met velkleur nie.

Suid-Afrika: eksponente van die meer radikale wit teologiese sienings (kyk hierbo) is onder andere:

- Dr NA Burger van die Talita Koemi-gemeenskap (Newcastle)
- Pastoor FWC Naser van die Ekklesia-gemeente (Vereeniging)
- Ds GJ Steenkamp van die Gemeente van die Verbondsvolk (Kuruman)
- Aksie Aktueel (Perdekop)
- Studiegroep Aktueel (Windhoek)
- Die Yahzerah-Bybelstudiegroep op Steelpoort